

SONDAG VIR PERSONE MET GESTREMDHEID

30 AUGUSTUS 2015



PREEK: 'n Vriend in krisissituasies

Matteus 8:23-27

1. Vriendskap is van die uiterste belang vir elke mens. Ons kan nie eintlik sonder vriende leef nie.
2. In die Evangelie van Matteus skemer dit telkens deur dat Jesus 'n Vriend vir vele was. Hy was 'n Vriend vir sy dissipels. 'n Vriend vir diegene in nood. 'n Vriend vir die siekes, blindes, dowes, verlamdes, duiwelbesetenes. 'n Vriend vir hulle wat eensaam was. 'n Vriend vir die treurendes. 'n Vriend vir almal wat behoefte gehad het aan vriendskap. Jesus wil ons leer wat vriendskap beteken en ook vir ons 'n Vriend wees.
3. In Matteus 8:23-27 lees ons dat Jesus en sy dissipels in 'n skuit op die see van Galilea was. Moontlik was dit 'n visserskuit. Terwyl hulle van die een kant na die ander vaar, het Jesus aan die slaap geraak. Dan gebeur daar plotseling iets verskrikliks. 'n Geweldige storm bars los. Die woord wat Matteus hier gebruik dui op 'n aardbewing. Dis asof die aarde bewe. Nou is dit so dat daar binne 'n oogwink 'n groot storm op hierdie meer kan losbars. Dit is as gevolg van die feit dat die meer onder seevlak lê en dat dit omring is deur berge. Soms kan daar skielike koue lug van die berg af opkom oor die warm meer.
4. So beland ons mos ook maar soms skielik in krisissituasies.
5. In hulle situasie roep die dissipels tot Jesus.
6. Wat sê hierdie vertelling vir ons oor vriendskap?
7. Dit sê vir ons dat Jesus daar is vir sy dissipels en sy vriende. Al was Hy aan die slaap toe die krisis ontstaan het, was Hy daar toe hulle na Hom geroep het. Hy is beskikbaar. Hy is nie afwesig of onbetrokke nie. Hy is daar.
8. Dit is seker een van die belangrikste kenmerke van ware vriendskap. Om daar te wees vir jou vriende. Om beskikbaar te wees as jou vriende jou nodig het.

9. Dit sê verder dat Jesus nie net daar was nie, maar ook dat Hy daadwerklik optree. Hy doen iets. Hy praat hard met die wind en die see. Hy dra sorg dat die gevaar afgeweer word en daar weer kalmte en vrede en rustigheid kom. Hy is nie net 'n Vriend wat praat nie. Hy doen. Hy help. Hy bied uitkoms. Hy tree op ten behoeve van sy vriende.
10. Dis tragies dat ons so baie praat en so min doen - ook as vriende vir mekaar. Mens is soms verstom as jy sien hoe mense sukkel en dat nie een van hulle vriende bereid is om die mou op te rol en iets vir iemand anders te doen nie.
11. Jesus, as Vriend, spreek nie net die gevaarsituasie aan nie. Hy spreek ook sy vriende aan. Hy spreek hulle nogal skerp aan. Hy raas met hulle. Hy tik hulle oor die vingers.
12. Vriendskap, so leer Jesus ons, is nie altyd om mooi woordjies te sê nie. Ware vriende moet mekaar ook aanspreek en vermaan. Ware vriende mag maar met mekaar raas en van mekaar verskil.
13. Hierdie vertelling eindig met die verwondering van die dissipels. Hulle verwonder hulle nie net oor wat gebeur nie, maar veral oor hulle Vriend. Wie is Hy dat selfs die wind en die see na Hom luister? Dankbare verwondering omdat Hy daar was, omdat Hy gehelp en gered het. Omdat Hy 'n Vriend in nood is.
14. Die vraag kom dan of ons dankbaarheid en respek toon teenoor ons vriende. Of maak ons soms of selfs dikwels, soos die melaatses wat genees is en waarvan net een van die tien kom dankie sê het. Is verwondering, dankbaarheid en respek deel van ons vriendskap.
15. Helaas, vriendskap kan nie eensydig wees nie. Vriendskap is inherent wederkerig.
16. Jesus het ook behoefte gehad aan vriendskap. Toe Hy in Getsemane geworstel het, het Hy sy vriende saamgevat en by hulle gepleit om tog net 'n rukkie saam met Hom te waak en te bid. Maar helaas, toe Hy hulle nodig gehad het, was hulle nie daar nie. Hulle waak en bid nie, maar slaap. Toe Hy voor die Joodse Raad en Pilatus staan, het sy vriende Hom in die steek gelaat. Hulle het Hom nie ondersteun nie. Toe Hy aan die kruis gehang het, was daar geeneen van sy vriende naby nie.
17. Is ons daar vir ons vriende? Of verwag ons dat hulle daar moet wees vir ons, maar ons is nie bereid om daar te wees vir hulle nie? Laat ons ander in die steek? Is ons vriende in nood? Of net mooiweersvriende? Volg ons Jesus se voorbeeld van vriendskap na?

SONDAG VIR PERSONE MET GESTREMDHEID

30 AUGUSTUS 2015



Preek: Vriende vir Almal Matteus 9:9-13; 11:19

1. Aan jou vriende sal jy geken word.
2. Wie was die vriende van Jesus? Met wie het Jesus Hom geassosieer? Wat sê Matteus hieroor in sy Evangelie?
3. In die Jodedom was vriendekring baie belangrik. Al was vryheid van assosiasie nie onbekend nie, was dit vir hulle van die grootste belang dat jy in die regte kringe moes beweeg. Jy moes jouself veral assosieer met mens uit jou eie stam en geslag en dan met ander wat uit minstens dieselfde sosiale klas as jy was. Daar was dan verder duidelike bepalings met wie jy nie moes assosieer nie. Die "lys" is nogal opgestel deur veral die kerkleiers van die tyd. So mag jy jouself nie assosieer met heidene nie; ook nie met melaatses of mense wat onrein is nie, dit wil sê mense wat op een of ander wyse verontreinig was. Dit het onder andere ingesluit vroue wat gemenstrueer het, mense wat in kontak met 'n lyk of ander siekes was. Sulke mense moes vermy word. Sondaars was ook op die lys van verbode vriende. Sondaars was, en veral in die Matteus Evangelie, mense wat nie voldoen het aan die reinigingsritusse en ander bepalings van die kerkleiers nie.
4. Jesus, so het Matteus tot hier toe beklemtoon, kom uit die geslag van Dawid. Hy kom uit die aristokratiese stam en geslag van Israel. Dit sou derhalwe verwag kan word dat Hy sou beweeg in die kring van die aristokrasie, die toplaag van die bevolking. In hoë kringe moes Hy beweeg.
5. Dit word verder versterk deur die feit dat Matteus beklemtoon dat Jesus nie net uit die geslag van Dawid was nie, maar dat Hy die verwagte Messias was, die Koning van die Jode en die Een wat sy volk sou verlos.
6. Uit dit alles blyk dat verwag kon word dat Jesus Homself sou assosieer met die invloedrykes en belangrikes.
7. Reeds van die begin van sy optrede, met sy onderrig en met die genesings, begin dit al deurskemer dat Jesus nie heeltemal inpas in die prentjie wat hulle vir hulleself geteken het nie. Hy leer nie soos en in ooreenkoms met wat hulle destyds gehoor het nie. Hy wyk radikaal af van die standaard inhoud van onderrig en gee telkens radikale nuwe interpretasies.
8. Met sy genesings, wend Hy Hom tot diegene wat deur die gemeenskap verag is. Hy reik uit na 'n melaatse en raak hom aan. Dit was totaal verbode. Die melaatses moes buite die stad in afsondering bly. Met hulle mag geen mens kontak hê nie. Jy mag nie eens iets aanraak waaraan hulle geraak het nie.
9. Jesus reik verder uit na vroue en raak vroue wat onrein was, aan. Ook dit was taboe. Vroue het nie 'n besondere ereplek beklee nie, maar was redelik laag op die sosiale rangorde.

10. Nou sou ons kon sê dat Jesus met die genesings uitreik na mense wat verag is of op die rand van sosiale lewe gestaan het en dat Hy met sy optrede hulle teruggebring het in die sosiale kringe waartoe hulle eintlik behoort het. Kan ons hier werklik praat van vriendskap? Is dit nie maar net toevallige of kortstondige uitreike nie? Miskien was dit soms so. Maar ons weet darem ook dat sommiges Jesus gevolg het en so deel geword het van sy vriendekring.
11. Dit wat met die genesings al na vore kom, word hierna skerp uitgebou met die roeping van Matteus. Jesus gaan staan en roep Matteus om Hom te volg. Jesus neem die inisiatief. Hy reik uit na Matteus. Hy knoop 'n gesprek met hom aan. Hy rig 'n versoek of uitnodiging tot Matteus. Dit is Jesus wat 'n vriendskapsband smee.
12. Wie was hierdie Matteus? Hy was 'n tollenaar. Tollenaars was nou nie juis van die gewildste mense nie. Inteendeel. Tollenaars was in diens van die Romeinse owerheid. As sodanig was hulle al klaar onpopulêr. Om hulle posisie nog slegter te maak, was dit algemene gebruik onder die tollenaars om buitensporige tolgelde te hef en die mense uit te buit. Daarby was hulle bekend as onderduims, wreed en geldgierig. Die Jode kon hulle eenvoudig nie verdra nie. Hulle is vir alle praktiese doeleindes uit die gemeenskap geban. Dis nou mense met wie jy jou nie ophou nie!
13. Jesus roep Matteus nie net om Hom te volg nie, maar Hy gaan ook na sy huis toe en eet saam met Matteus en sy vriende. Hiermee reik Hy dus nie net 'n hand van hulp uit nie, maar 'n hand van vriendskap. Iets wat nie tydelik van aard was nie, maar 'n vriendskap wat tot met sy dood sou bly bestaan.
14. Dit het tot spanning gelei en sy beeld skade berokken. Die kerkleiers wil al gou weet waarom die leermeester wat soveel aansien geniet het, so 'n dom ding kan doen. Hoe kan Hy sy eie beeld so skade aandoen deur saam met tollenaars en sondaars te eet en drink? Die spanning tussen Jesus en die kerkleiers word hierna al intenser. Hierdie vriendskap, en die ander wat gevolg het, het daartoe gelei dat daar al groter spanning tussen Jesus en die mense in die hoë sosiale klas gekom het. Hy het hiermee die kerkleiers, die bekendes, invloedrykes en meningsvormers van Hom vervreem. Van 'n menslike perspektief gesien, moes Jesus 'n duur prys betaal vir sy vriendskap met die tollenaars en die sondaars.
15. Die kerkleiers was so kwaad oor die feit dat hierdie radikale Onderwyser en groot Geneser uit die stam van Dawid, die Man wat net dalk die Messias kon wees, Hom met sulke mense bevriend, dat hulle van Hom gesê het: "Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars" (Matt 11:19). Dis die etiket wat hulle om sy nek gehang het. Dit was een van die redes waarom daar altyd spanning was en hulle uiteindelik sy dood gesoek het.
16. Is dit nie so dat daar nog altyd onderskeid getref is nie. Ons ras en ander rasse. Ons volk en ander volke. Ons groep en ander groepe. Die geleerdes en ongeleerdes. Die rykes en die armes. Die invloedrykes en onaansienlikes. Die bo-dorpers en die onderdorpers. En so kan ons aangaan. Ons-hulle. Ons wil net in ons eie kringe beweeg. Ons kinders moet tog nie bevriend raak met mense "laer" as ons nie. "Hoër" ja, maar nie laer nie. Soms sal ons darem uitreik na ander. Maar dan met so 'n meerderwaardige neerbuig en solank dit net vir 'n kort rukkje of spesifieke doelwit is. Solank werklike assosiasie en betrokkenheid nie ter sprake is nie. Hoe tragies. Dan is ons mos niks anders as Fariseërs nie. Skenheilige wit gepleisterde grafte.
17. Jesus was die Vriend van veragtes en uitgestotenes. Hy het nie sy beginsels prysgegee nie. Hy het nie verval en sleg geword nie. Hy het ook nie in meerderwaardigheid neergedaal tot die vlak van sy vriende nie. Inteendeel, Hy het hierdie veragte uitgeworpenes nog gedien en soms hulle voete gewas.
18. Is hierdie gesindheid wat in Jesus was, ook in ons?